

DIE
FRANKFURT – VERKLARING
VAN CHRISTELIKE EN BURGERLIKE
VRYHEDE

In die afloop van menslike gebeure moet standvastige gelowiges hulself soms noodgedwonge teen magmisbruik uitspreek. Dit moet net oorweeg word na ernstige gebed en deurdagting, en, selfs dan, met nederigheid en respek vir die owerhede wat God in plek gestel het. Teensprake van hierdie aard moet altyd met die hoop gemaak word dat owerhede, wat aan burgerlike regte en vryheid afbreek maak, moontlik tog hul pligte as wettige beskermers van hierdie regte en vryhede sal nakom.

'n Aantal pastore van verskillende kontinente, besorg deur die toenemende totalitarisme van die staat in alle gebiede van die samelewing, veral die van die kerk; en die minagting van godgegewe en grondwet-gewaarborgde regte gedurende die Covid-krisis, het saamgespan met die gemene doel om 'n plegtige verklaring te skep wat hierdie bedreigings met die ewige woord van God aan te spreek. Die volgende bevestigings en ontkennings, afgelei uit Bybelse beginsels, word deur ons voorgelê vir die oorweging deur alle Christene en die verwante owerhede, met die hoop dat dié dokument hedendaags ons getroue getuienis vir Jesus Christus sal belig en bekragtig.

II Sam. 12:1-14; Hand. 4:24-29; Rom. 13:1-7; I Pet. 2:13-14

Artikel I God, die Skepper, as Almagtige Wetgewer en Regter

Ons bevestig dat die Drie-Enige God – Vader, Seun, en Heilige Gees – die persoonlike Skepper van alle sigbare en onsigbare dinge, die lofwaardige en enigste Heerser, en die hoogste Wetgewer vir alle menslike gedrag is. Ons glo dat Hy in die Heilige Skrif en in die gewete van die mens 'n onveranderbare moraliteit openbaar het, wat gevestig is in Sy eie karakter, en wat die peiling is van goed en kwaad vir alle mense van alle eeue. As Wetgewer, het God 'n dag vasgestel waarop Hy deur 'n mens – die opgestaande Heer Jesus Christus – die wêreld in opregtheid sal oordeel. Aan Hom kom die heerlikheid vir ewig toe. Amen.

Ons ontken daarom dat onpersoonlike materie die finale realiteit agter alle dinge is, en die geloof dat menslike gedrag bloot die produk van 'n biologiese of sosiologiese verskynsel is. Omdat God die hoogste Wetgewer en Regter is, ontken ons die reg van enige wêreldse owerheid om moraliteit te definieer, en om onvoorwaardelike gehoorsaamheid van hul burgers te eis wanneer dit met God se wet, en die beginsels daarin, bots. Ons het ook goeie gronde om die hedendaagse Staat se etiese bepalings en morele visie te betwyfel, omdat hul sekulêre menslikheid en relatiewe etiek nie 'n allesoortreffende basis vir menslike moraliteit of gedrag lewer nie.

Gen. 1:1, 2:15-17; Eks. 1:17, 20:1-17; Jos. 2:3-6; Ps. 9:7-8; Dan. 6:11; Mig. 6:8; Matt. 28:19; Hand. 4:19, 5:29, 9:25, 12:17, 17:31; Rom. 1:32, 2:14-16, 11:36; Kol. 1:16; I Tim. 1:17, 6:15-16; II Tim. 3:16-17; Heb. 11:3; Jac. 4:12; Open. 4:1

Artikel II God as die Bron van Waarheid en die Rol van Wetenskap

Ons bevestig dat God, die Skepper, die Waarheid is, en dat objektiewe waarheid daarom bestaan, en dat dit vanaf Sy openbaring in die Skrif en die natuur, en van enige geloofwaardige, bewysbare feite afgelei kan word. Ons ondersteun wetenskap wat, deur die wetenskaplike metode en deur debat, daarna streef om die waarhede wat God in die natuurlike wêreld ingesluit het, te ontdek. Ons bevestig ook die beperkings van wetenskap, insluitende die onvermoë om met gesag te praat oor velde buite die omvang van wetenskap, en die neiging om foutiewe aannames te maak waar data onvoldoende is. Omdat die mensdom deur die sondeval besmet is, bevestig ons verder dat al sy gedagtes, gevolgtrekkings en instellings tot 'n sekere mate deur korrup is, en neig daarom om die waarheid te verdraai, manipuleer of te onderdruk.

Ons ontken daarom dat menslike regerings altyd moreel en ideologies onpartydig is; altyd weet of streef na wat die beste vir hul burgers is; en dat wat hulle propageer, onvoorwaardelik vertrou kan word. Ons verwerp alle bedrieëry, vreesopjaery, propaganda en indoktrinasie deur die staat en deur die media, asook verslaggewing oor kritiese wêreldsake wat oorhaastig, selektief of ideologies manipulerend is. Ons verwerp boonop die bewerings van sogenoemde “wetenskaplike konsensus” wat die wetenskaplike metode verlaat en wat die bekommernisse van teenstrydende stemme ignoreer of onderdruk. Net so verwerp ons wetenskaplikheid sedert, selfs wanneer wetenskaplike bevindinge 'n bepaalde verskynsel korrek beskryf, dit nie voldoende en normatief komplekse sosiale realiteite kan aanspreek of beleide voorskryf wat etiese implikasies het nie.

Gen. 6:5; Ps. 19:1-8, 31:6, 119:160; Pred. 7:29; Joh. 3:33, 14:6, 16:13, 17:17; Rom. 1:18-20; II Kor. 4:2; Ef. 2:3; I Tim. 3:15; II Tim. 3:16-17; Jac. 2:9; Open. 13:11-15

Artikel III Mensdom na die Beeld van God

Ons bevestig dat elke mens na die beeld van God (*Imago Dei*) geskape is, en besit daarom onafskeidelike waarde, saam met sekere onvervreembare regte en vryhede, wat noodsaaklik is vir 'n behoorlike menslike lewe. Dié regte en vryhede sluit in die volgende: die reg om verenigde aanbidding, die reg om persoonlike en fisies teenwoordige verhoudings te hê, die reg om beroepsverwante werk uit te voer, die reg om in die belangrike gebeurtenisse van die menslike lewe deel te neem—soos die reg om lydendes en sterwendes te troos (veral binne 'n mens se familie), die reg om begraving by te woon, die reg om die geboorte van jou kind te ervaar, die reg om tydens 'n publieke byeenkoms te trou, die reg om saam met 'n ander te eet en te kuier, en die reg om in eerbare werk te arbeid. Ons bevestig ook dat regerings die individu se reg en verantwoordelikheid tot en vir hul eie liggaamlike gesondheid moet erken, en dat hulle die reg om persoonlike mediese besluite self te kan neem, moet erken.

Ons ontken daarom die handeling van 'n regering of enige ander instelling wat enige persoon aan sielkundige manipulasie of intimidasie bloot te stel en so die menslikheid van hierdie persone ontnem. Dit sluit in die wekking van agterdog teen mense deur hulle voor te stel as 'n moontlike bedreiging tot die algemene belang van die samelewing of individu. Ons staan eweneens die Staat se verpligting van mediese besluite vir hul burgers en die kriminalisering, die gedwonge apartheid, beroepsverwante ontmagtiging en enige ander weerhouding van die regte van persone wat kies om nie aan die staat se mediese beleide te voldoen nie, teë. Ons verwerp dus alle vorme van mediese bedwinging en enige beperkings van

individuele vryhede van mense wie nie deur 'n aansteeklike, lewensbedreigende siekte besmet is nie; dit sluit in die toepassing van inentingspaspoorte, sosiale distansiering, en die dra van maskers as 'n algemene vereiste vir toegang tot publieke spasies of vir deelname in werk of in die sosiale lewe. Ons staan die wêreldwye beweging na transhumanisme en tegnologiese toesighouding en beheer oor menslike wesens teë, omdat dit afbreek maak aan die menslike vryheid van gedagtes en daede, wat so sentraal is tot ons roeping deur God om te lewe as sy beelddraers.

Gen. 1:26-28, 2:24, 9:6; Eks. 20:9; Dan. 3:1-30; Matt. 25:31-40; I Kor. 6:12-20; I Thes. 4:11-12; Jac. 3:9, 5:14-15; Open. 13:16-17

Artikel IV Godgegewe Mandate en beperking van Gesag

Ons bevestig dat die gesag (die reg om gehoorsaam te word) van alle aardse owerhede van God afgelei word, wat verhewe bo almal is, en tot wie almal aanspreeklik is. Ons glo dat Hy hul verskillende kringe van verantwoordelikheid (d.i. mandate) vasgestel het, en sodoenende beperkings tot hul gesagskringe gestel het. Aan regerings het God gesag delegeer om boosheid te straf en goedheid te beloon, en om die Godsgegewe regte en vryhede, wat alle mense besit, te beskerm. Hy het gesag delegeer aan die algemene Kerk om dissipels van alle nasies te maak deur die Woord van God te verkondig, en om gemeenskappe van gelowiges wat onder die heerskappy van Christus lewe te vestig en bestuur. Boonop het Hy gesag delegeer aan die familie, as fundamentele eenheid van die samelewing, met die doel om sosiale samehörigheid en seksuele getrouheid te koester, sowel as om kinders te beskerm, vir hulle voorsiening te maak, en om hulle in die waarheid van die Here op te voed. Ons bevestig ons regte as burgers, ouers en Christene om vrylik ons gedrag en geloof te bepaal gegrond op hierdie waarhede.

Ons ontken daarom die totalitaristiese ideale van regerings wat nie die beperkings van hul gesag erken nie, en wat die Godsgegewe gesag van die kerk en die familie wil oorneem. Ons verwerp veral die neiging van regerings om die geloof en gedrag van hul burgers te sentraliseer deur 'n outoritêre samelewing te skep waarin die Staat volstrek (absoluut) is. Totalitêrisme en staatsbemoeiing (staatsisme) van hierdie aard is gebaseer op oortuigings, wat die aard van goed en kwaad, en die natuur van die mens, fundamenteel herdefinieer, en wat teenstrydig is met die goddelike orde. Die gevolg hiervan is die misaanwending van persoonlike en godsdienstige vryhede, en om ideologiese onverdraagsaamheid te kweek wat streef na die demping, kansellering en heropvoeding van enige teenstrydige stemme. Ons is teenstaanders van die oortuiging dat kinders die eiendom van die staat is, en dat hulle onderdane is wat indoktrineer mag word, insluitende enige aanmoediging of manipulasie van kinders om mediese prosedures te ondergaan sonder hul ouers se toestemming.

Deut. 6:6-7; Matt. 22:20-21, 28:18-19; Joh. 17:14; Rom. 12:1-2, 13:1-7; Ef. 5:21-6:4; Fil. 2:14-16; Kol. 3:18-20; I Tim. 2:1-2; Heb. 13:17; I Pet. 2:13-14; 4:15; Open. 13:7-8

Artikel V: Christus as Hoof van die Kerk

Ons bevestig dat die Kerk van die Here Jesus Christus aan Hom behoort, ten koste van Sy eie lewe, en dat dit slegs aan Hom aanspreeklik is, wat alle sake van geloof en beoefening daarvan betref. Ons glo dat Christus se bevel om aan Keiser (d.i. die owerheid) te gee wat aan hom behoort, en om aan God te gee wat aan Hom behoort, die Kerk funksioneel van die Staat

skei. Ons glo dat Christus, Koning oor die hele aarde, verg dat almal, sonder enige uitsonderings, vrylik en gereeld in Sy Naam in plaaslike gemeentes vergader om Hom in waarheid en liefde te dien. Ons bevestig verder dat die aktiwiteite van die plaaslike kerk slegs onder die bestuur van Christus is, in sover dit essensiële dade van aanbidding betref.

Ons ontken daarom dat enige ander owerheid gesag oor die Kerk het om sy sake van geloof en die beoefening daarvan te reguleer, en om dit as ‘n nie-noodsaaklike diens te verklaar. Ons verwerp alle dwangmaatreëls wat die Staat oor die Kerk plaas, sowel as die kriminalisering, verhinderende of regulering van enige kerk-aktiwiteite wat in die loop van aanbidding van die Here gedoen word. Ten laaste, staan ons die beweging na digitale platforms vir Christelike aanbidding en bediening, as plaasvervanger vir gemeentelike vergadering en fisiese bediening, wat so noodsaaklik vir die beoefening van ons geloof is, teë.

Matt. 18:20, 22:21; Hand. 5:28-29, 10:36, 20:28; Rom. 13:6-7; I Kor. 12:12-13; II Kor. 4:5; 5:10; Ef. 1:20b-23, 3:20, 4:15-16; Kol. 1:27; I Tim. 6:3-5; Heb. 10:24-25; Open. 5:9

‘n Roeping tot Respek, Bekering en Teenstand

Die burgerlike owerhede wat die noodsaaklike natuur van die oortuigings en uitoefening van die Christelike geloof respekteer en wat persoonlike en godsdienstige vryhede as belangrik ag is prysenswaardig en ons bedank hulle. Die owerhede wat hierdie vryhede minag, roep ons tot bekering en om weereens beskermers van vryhede en Godsgegewe regte wat aan alle mense behoort, te word, uit vrees dat as julle, in die misbruik van die gesag wat God aan julle gegee het, onder Sy oordeel sal kom. Aan die wat vereis dat ons die Staat eerder as God gehoorsaam, sê ons met respek maar met beslissing (soos die drie Jode wat geweier het om Nebukadnesar se goue beeld te aanbid): “Ons het nie nodig om oor hierdie saak aan u antwoord te gee nie. As die God wie ons dien ons kan red uit die vlamme van die vuuroond en uit u hand, o koning, sal Hy ons red. Indien nie, laat dit aan u bekend wees, o koning, dat ons u gode nie sal dien nie, en aan die goue beeld wat u opgerig het nie eer sal betoon nie” [Dan 3:16-18].

Aan ons broeder en susters in Christus deur die hele wêreld sê ons “Wees dapper en sterk, moenie paniekbevange wees nie, en moet jou nie laat afskrik nie, want die Here jou God is by jou, oral waar jy gaan” [Jos 1:9]. Dit wil voorkom asof ‘n tyd van beproewing dalk die wêreld sal beval; nie net vir die Kerk nie, maar vir almal wat in vryheid glo, en tirannie teenstaan. Laat ons saam staan met diegene wie onderdruk word, arresteer is of tot afsondering gedwing is omdat hulle die pad wat reg is, gekies het. Laat ons in solidariteit staan met kerke wat met geweld bedwing was om toe te maak, en wat van hul gemeentes in ballingskap af wegeneem is. Laat ons diegene wat beboet, of hul werk vir Christus onthalwe verloor het in ‘n praktiese wyse bystaan en help. En ons vra dat ons broeders en susters wat hul hele lewe lank onder verdrukking voortgebeur het, om vir ons te bid; dat God ons die genade gee om vir ons vervolgers te bid en te seën; dat God ons sal die moed sal gee om sterk te staan in ons geloof as Sy getuie, en dat Hy, die Koning oor die hele aarde, ons die mag en genade sal gee om getrou te bly en om vol te hou tot die einde. Amen.

II Sam. 12:1-14; Dan. 5:22-23; Matt. 24:12-13; I Kor. 16:13-14; Eph. 5:10-13

* * *